# Graad 1-3

Druk afdeling

## Gesels saam
GRAAD 1-3

### WELKOM

Pak stoele uit sodat dit soos die sitplekke in 'n bus of 'n vliegtuig lyk. Speel 'n vinnige speletjie waar julle maak asof julle by die vensters uitkyk en 'n klomp interessante dinge sien: een van die maats se huise, die kinders se skool, 'n winkel, en so meer.

### WONDER

Vertel die storie van Johannes 14:1-14 vir die kinders of lees dit uit 'n kindervriendelike Bybel.

Die storie kan soos volg vertel word:

*Jesus wys vir ons die pad:* Jesus het vir die dissipels gesê: "Julle moenie bekommerd wees nie! Julle ken die pad na God toe omdat julle in My en in God glo. Daar is vir almal plek by God."

*Jesus is self die pad:* Maar Thomas was bekommerd en het gesê: "Here, ons ken nie die pad nie!" Jesus sê toe vir hom: "Thomas, jy ken vir Mý. As jy Mý ken, ken jy die pad, want Ek ís die pad."

*Ons word herinner om op die pad te bly:* Filippus was ook bekommerd en sê: "Here, hoe kan ons vir God ken?" Jesus sê toe vir hom: "Filippus, Ek was nou al 'n lang tyd saam met julle. Jy ken My. Jy moet onthou: As jy My ken, ken jy vir God. En wanneer julle bid, sal Ek julle antwoord, want julle behoort aan My."

*Opsioneel:* Kyk 'n video oor hierdie Bybelgedeelte saam, byvoorbeeld: **https://www.youtube.com/watch?v=5Gzf0kpzYa0 (https://www.youtube.com/watch?v=5Gzf0kpzYa0)**. Google "Jesus is the way the truth and the life video for kids" vir soortgelyke video's.

### WEES

Laat elke kind een van hulle voete op 'n skoon vel papier aftrek en dit uitknip. Hulle kan dan hulle naam op die voet skryf, asook die woorde: Jesus is die weg en die waarheid en die lewe.

*Alternatief:* Laat die kinders een van hulle voete êrens buite met bordkryt aftrek, byvoorbeeld op die parkeerterrein (vra vooraf toestemming hiervoor). Hulle kan hulle name by hulle voetspore skryf, asook die woorde: Jesus is die weg en die waarheid en die lewe.

### WEGSTUUR

Leer vir die kinders die woorde van Johannes 14:6: Jesus is die weg en die waarheid en die lewe. Moedig hulle aan om dit vir hulle huismense op te sê. Julle kan selfs bewegings uitdink.